# ECHO OF HIS CALL

## EGGO VAN SY ROEP

AFRIKAANS

India's National Spiritual Newspaper

₹ 10/-

1969 to 2029 REACHING NATIONS ECHO OF HIS CALL SINCE 1969

Published monthly in ENGLISH, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, KANNADA, MARATHI, BENGALI, GUJARATI, ODIYA, ASSAMESE, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINHALA & AFRIKAANS

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ | - In 16 Tale | *Mederedakteur:* BRO. WILLEM JACOBUS PRETORIUS

**Vol. XIX** YEAR OF OUR LORD JESUS CHRIST, 2026 APRIL **No. 10**


## DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

## PSALMS 148:7-14

7. Prys die Here van die aarde af, seediere en al die oseane,

8. weerlig en hael, sneeu en miswolke, stormwind wat sy opdrag gehoorsaam,

9. berge, al die heuwels, vrugtebome, al die seders,

10. wilde diere, al die vee, al wat kruip of vlieg,

11. konings van die aarde, alle volke, vorste, alle regeerders van die aarde,

12. jong manne en meisies, grysaards saam met seuns!

13. Laat hulle die Naam van die Here prys, want sý Naam alleen is hoog verhewe, sy majesteit strek oor die aarde en oor die hemel.

14. Hy het aan sy volk mag gegee. Dit is die roem van al sy troue dienaars, die Israeliete, die volk naby wie Hy is.

Prys die Here!

# GOD WERK VIR JOU DEUR SY STILTE!

*Sis. Angeline*



Groete in die Naam van ons opgestane Heer en Verlosser Jesus Christus, aan al my uitgebreide Echo of His Call familielede. Dit is altyd vir my 'n groot vreugde om met julle te deel wat die Here met my gepraat en gedoen het in my eie lewe. Ek hoop en bid dat wat ek skryf julle sal aanmoedig om in geloof aan te hou – ongeag die situasie waarin jy is – want as Hy dit vir my kan doen, kan Hy vir seker ook vir jou. Met hierdie woorde, kom ons bemoedig mekaar en marsjeer voort in oorwinning!

**HY HET OPGESTAAN!!**

"Hy het opgestaan!" – 'n kragvolle verklaring! Dit is die vaste fondament van ons Christelike geloof. Oordink wat die krag is van ons

*....verv. op.bls. 3*




**Echo of His Call**

***Christelike YouTube Kanaal!***

**Elke dag 2 minuut-boodskap deur**

**Past. S. Sam Selva Raj!**

**in Engels, Hindi, Tamil & Telugu**

**en**

**Tamil & Engelse Boodskap & Gebed**

**Sondag 8.30 vm. & 6.00 nm.**

★ Asseblief, Skryf in en Stuur aan ★

ECHO OF HIS CALL - (Op pad na die 60ste jaar)
Estd. 1969

# van julle geliefde broer...





## Ons Sendingopdrag

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.

HON. EDITOR-IN-CHIEF
Rev. Dr. Angeline S. Kumari, M.A., M.Sc., M.Ed.
EX MANAGING EDITOR
Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.
GENERAL MANAGER
Bro. N. Prakasam, M.A., M.Sc.(C&P), PGDHRM, MBA.
ADMINISTRATION
Sis. Jesy Veena Sam
Adv. K. Puratchivendan, M.Com., C.A., B.L.
Dr. P.E.R. Premchand, M.Sc., M.A., M.Ed., Ph.D.
Dr. C.G.S. Baburao, B.Tech., M.Tech. (DM), Ph.D.
Dr. Rabinder Boaz, M.S. (CMC)
EDITORIAL BOARD
Dr. Serena Bevin, M.A., M.Phil., B.Ed.
Sis. Sajini Cherian
Rev. Dr. K.R. Rajasekaran
Rev. Dr. William Robert, Ph.D., DD, D.Lit.
EDITOR, PUBLISHER & PRINTER

Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street,
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98410 71852, 98412 71858
95661 31858
E.MAIL
sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in
WEBSITES
www.echoofhiscall.org
www.stpaulsmatriculation.org
YOUTUBE CHANNEL
Echo of His Call

## ... die Here het 'n end gemaak aan hulle swaarkry (Rigters 10:16).

Geliefde vriende,

Ons God is goed en Hy lewe vir ewig. Hy lei jou op sy paaie om 'n nuwe werk deur jou te doen. As jy struikel op jou lewenspad, steek Hy sy hand uit om jou op te help en weer vas te laat staan. Hy onthou die seerkry-ervarings waardeur jy is, en dit laat sy hart roer met medelye vir jou. Daarom, hou moed, jou tye van bevryding kom nader.

***'Die Israeliete het weer gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here. Hulle het die Baäls en die Astartes en die gode van Sidon vereer, en ook dié van die Arameërs, die Moabiete, die Ammoniete en die Filistyne. Hulle was ontrou aan die Here, hulle het Hom nie gedien nie***

*(Rigters 10:6).*

Omdat die Israeliete weggedraai het van God en ander gode gedien het, het Hy Hom van hulle onttrek. Die gevolg was dat hulle erg onderdruk is deur hul vyande. Maar toe hulle daardie sonde erken het en heelhartig terug gedraai het na Hom, het die Here se hart medelye met hulle gehad en het hy hulle verlos. Die nasie het weer oorwinning en vrede beleef.

***'Die Amoriete het selfs die Jordaan oorgesteek en teen Juda, Benjamin en Efraim gaan oorlog maak en Israel swaar laat ly. 10Toe het die Israeliete tot die Here geroep: "Ons het teen U gesondig. Ons was ontrou aan ons God en ons het die Baäls gedien."***

*(Rigters 10:9-10).*

Toe Hy die hulpgeroep van die Israeliete hoor, het die Here mee-gevoel gehad en hulle verlos van hul verdrukkers.

***Hulle het toe die ander gode tussen hulle uit verwyder en hulle het die Here gedien, en Hy het 'n end gemaak aan hulle swaarkry.***

*(Rigters 10:16.*

Jy verduur nie jou lyding alleen nie; God deel die pyn wat jy voel. Dalk begryp niemand ten volle hoe diep jou worstelinge is nie, maar God begryp volledig. Moenie moed verloor nie. Wees sterk en vol moed. Die Here sal 'n ongewone wonder vir jou doen.

Deur die genade van God gaan die bedienings van **Nehemia Bybelkollege** goed aan, en ons bly dankbaar vir sy onfeilbare getrouheid en leiding.



*Huidige jaar Chepauk Nehemia Bybelkollege studente met Senior Pastoor Sreekumar, ACA, Ekangipuram (Alumni 1996-1998)*

Ons kondig met blydskap aan dat ons Kollege nou volle akkreditasie gekry het van die **Nations Association for Theological Accreditation (NATA)**. Hierdie besondere prestasie is 'n belangrike stap vorentoe om ons akademiese standaarde te versterk en die impak van ons bediening te vergroot.

Daarby hier aan die begin van die huidige akademiese jaar, het ons die **Bachelor of Theology (B.Th.)** program begin. Hierdie nuwe kursus is ontwerp om studente meer effektief toe te rus met suiwer Bybelkennis, dieper teologiese verstaan en praktiese bediening-opleiding.



*Spesiale afsondering van ons Nehemia Bybelkollege studente by Mahapalipuram*

Op 24 Januarie het ons by Mahabalipuram 'n spesiale studente afsondering gehou. Tydens hierdie geestelik verrykende byeenkoms het Samuel Aaron God se Woord bedien met die tema "Intimiteit met Christus." Die sessies was baie opbouend, en ons studente is versterk en bemoedig deur betekenisvolle saamwees, opheffende aanbidding en verrykende onderrig rondom Jesus Christus.

Ons versoek nederig julle volgehoue gebede vir die bedienings van die Bybelkollege. Ondersteun ons asseblief in gebed, vra die Here om die komende akademiese jaar te seën met heelwat nuwe studente en hierdie inrigting te bly gebruik vir sy eer.

In Christus Jesus, julle broer,

*PAST. S. SAM SELVA RAJ,*

E-pos: : sam@echoofhiscall.org

**NOTICE**

Save our mobile numbers (+91) 98410 71858, (+91) 98412 71858 (main numbers) in your mobile phones. - Editor

... verv. van bls. 1

opgestane Heer, en laat Hy dan inpraat in jou omstandighede wanneer jy verder lees.

Die verhaal oor Goeie Vrydag en Opstaan-Sondag is duisende jare gelede voorspel – inderdaad al voor die aarde geskep is. Dit bly die grootste gebeurtenis in menslike geskiedenis. Dit gryp die harte van mense oor die wêreld, geskiedkundig, wetenskaplik en geestelik.

Die opstanding-verhaal word dikwels verpak in drie dae: Goeie Vrydag, Stil Saterdag, en Opstanding-Sondag.

Ons praat baie oor Goeie Vrydag en verheug ons oor Opstanding-Sondag. Maar wat van Stil Saterdag? Ek noem dit "stil" want die Skrif noem baie min oor daardie dag. Niks dramaties is aangeteken nie. Dis rustig. Dit is stil. Daar is geen sigbare beweging nie.

## BAIE DRINGENDE KENNISGEWING!




Daar mag onvermydelike onderbrekings kom in die posversending van **Echo of His Call** in die nabye toekoms. As jy **Echo of His Call** steeds wil ontvang sonder onderbreking, stuur asseblief vir ons jou naam, adres, e-pos, en WhatsApp nommer in 'n brief, e-pos, oproep of SMS of WhatsApp-boodskap so gou moontlik.

Jou hulp hierin help ons om jou beter te dien.

**Ons adres:**

**ECHO OF HIS CALL,**
**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005, India**
**Cell: (+91) 98412 71858 / 98410 71858 E.mail: sam@echoofhiscall.org**

Baie mense dink nog aan Jesus aan die kruis daardie dag – 'n pynlike herinnering vir die dissipels van:

- ***Die pyn van gebreekte beloftes***
- ***Die plek van straf en vernedering***
- ***Die prentjie van mislukking en neerlaag***
- ***Die punt van geen opdraai***

Goeie Vrydag breek ons. Opstaan-Sondag lig ons op. Maar Stil Saterdag vorm ons.

Dit is die dag waarop dit lyk asof niks gebeur nie – en tog gebeur alles. Die dag waarop God niks sê nie – en tog ontvou sy plan. Die dag wanneer die wêreld stilte beleef – maar die hemel sien beweging

## 1. Saterdag is die Dag wat ons Nie Verstaan nie!

Jesus het baie duidelik gesê dat Hy **"drie dae later moet opstaan"** (Markus 8:31), maar tog het die ramp van Vrydag hierdie belofte uitgedoof.

***Saterdag is die dag waarop:***

- **God verskuild voel**
- **Gebede nie beantwoord voel**
- **Geloof baie broos voel**

Die dissipels was verslae. Jesus het gesterf. Hul drome, hoop en geloof is verpletter – saam met Hom begrawe. As dit die lot van hul Meester was, wat gaan dan van hulle word? Saterdagoggend was gevul met pyn, hartseer, vrees en verwarring. Gebroke en beangs het hulle agter geslote deure geskuil.

Baie van ons leef in ons eie "Saterdae" – sluit onsself af van die wêreld.

Hierdie boodskap is vir jou!

Maar Jesus kom toe in hul toegesluite kamer in en sê een woord: "Vrede." Ek bid dat dit God se profetiese woord oor jou stil Saterdag sal wees. VREDE.

**Daardie Sondagaand was die dissipels bymekaar. Alhoewel die deure gesluit was omdat hulle bang was vir die Jode, het Jesus gekom en tussen hulle gaan staan en vir hulle gesê: "Vrede vir julle!"**

(Johannes 20:19).



**Jesus het gesê: "Vrede vir julle"**

Josef het drome van God gekry, en tog beland hy in 'n put en later in die tronk. Geen stem. Geen verduideliking. Geen duidelikheid. Maar God het agter die skerms gewerk om hom in plek te kry vir sy doel.

Toe die Israeliete voor die Rietsee staan, met die farao agter hulle en berge weerskante, **het vrees hulle oorweldig. God was stil. Maar in daardie stilte het Hy 'n wonderwerk voorberei** (Eksodus 14:13-14).



***Na God se stilte, het wonders gebeur!***

Saterdag herinner ons dat stilte nie verlatenheid is nie.

## 2. God Doen sy Diepste Werk in die Donker!

God doen dikwels sy grootste werke wanneer ons net niks sien nie.



***God se Skeppings***

**In die begin het God die hemel en die aarde geskep. Die aarde was heeltemal onbewoonbaar, dit was donker op die diep waters, maar die Gees van God het oor die waters gesweef.** (Genesis 1:1-2).

Donkerte was oor alles, maar God se Gees het steeds gebroei. Hy het nog gewerk, ongesiens.

Wanneer jou gebede skynbaar wegsweef ...

Wanneer jou deurbraak vertraag is ...

Wanneer jou hart wag ...

Is God nog besig agter die skerms.

Terwyl die dissipels op Stil Saterdag gerou het, het Jesus nie niks gedoen nie. Die Skrif onthul dat Hy:

**Neergedaal het na wat laer is** (Efesiërs 4:9)

**Elke mag en gesag ontwapen het** (Kolossense 2:15)

....verv. op.bls. 6

# GROOT OPDRAG-VENNOTE

**OM TE DEEL** (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

**GEBEDSPUNTE - 2026 April 19 Tot 2026 Mei 18**

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

## Prys God vir ...

**April 19** ➲ Die getuienisse deur die 5-minute YouTube boodskappe van ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj.

**April 20** ➲ Al ons Mede-redakteurs en hulle gesinslede.

**April 21** ➲ Sy guns oor ons Gebedsvennote, Ingeskrewe vennote, Geloofsvennote, Lewensvennote, Groot Opdragvennote, Versoekvennote en hul gesinne.

**April 22** ➲ Sy seën oor al ons Kerke, Sondagskole, Jeugbediening en Hospitaalbediening.

**April 23** ➲ Sy volgehoue seën oor ons **Bybelkor (Bybelkorrespondensie Kursusse)** en ons **Teologiese Korrespondensiekursusse.**

**April 24** ➲ Sy leiding waardeur ons organisasie toegewyde nuwe kandidate kan bekom.

**April 25** ➲ Sy seën oor al ons Staatskoördineerders en hul gesinne.

**April 26** ➲ Die standvastige toewyding van ons sendingwerkers.

**April 27** ➲ Sy seën oor ons **Echo of His Call YouTube kanaal**, waarmee ons veeltalige onbereikte mense bedien.

**April 28** ➲ Sy seën vir die finansiële jaar 2025–2026.

**April 29** ➲ Sy seën oor die jeug wat hulle inspireer om ywerig deel te neem in al ons gemeente se aksies.

**April 30** ➲ Sy seën oor die studente van **St. Paul Matrikulasieskool**, waardeur hulle die graad 10 eksamens suksesvol kon aflê.

**Mei 01** ➲ Sy beskerming oor ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin teen alle soorte bose magte.

**Mei 02** ➲ Sy seën en beskerming oor al die werknemers van ons organisasie en hul gesinne.

**Mei 03** ➲ Sy seën oor die Jaarlikse Feesdag van **St. Pauls Matrikulasieskool** wat op 10 April 2026 gehou word.

## Bid asseblief vir ...

**Mei 04** ➲ Ons Mederedakteurs en hul gesinne.

**Mei 05** ➲ Eenheid en eensgesindheid ons al ons organisasie se werknemers.

**Mei 06** ➲ Die toelating van verdienstelike studente by ons inwonende en aandklas **Nehemia Bybelkolleges** vir die 2026–2027 akademiese jaar.

**Mei 07** ➲ Die toelating van nuwe studente tot **St. Paul Matrikulasieskool** vir die 2026–2027 akademiese jaar.

**Mei 08** ➲ Geldelike voorsiening vir die behoeftes van al ons bedienings.

**Mei 09** ➲ God se seën oor ons Evangelie Drukpers en sy daaglikse werk.

**Mei 10** ➲ Alle Kerke om siele te wen en ware herlewing te beleef.

**Mei 11** ➲ Die Gradeplegtigheid van ons **Nehemia Bybelkollege** wat op 4 Julie 2026 gehou word.

**Mei 12** ➲ Die volgehoue veiligheid en beskerming van ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin teen alle soorte bose magte.

**Mei 13** ➲ Die beëindiging val alle gruweldade teen bedienings en sendelinge.

**Mei 14** ➲ God se beskerming oor die wêreld te midde van uiterste weerstoestande oral.

**Mei 15** ➲ God se leiding deur die nuwe finansiële jaar.

**Mei 16** ➲ God se seën oor nasies met leiers wat Hom respekteer en eer.

**Mei 17** ➲ Goeie gesondheid vir ons sendelinge, dienaars van God en hul gesinne in Noord Indië.

**Mei 18** ➲ Nuwe intekenaars vir die **Echo of His Call YouTubekanaal**.

... verv. van bls. 4

**Die sleutels van die doderyk gevat** (Openbaring 1:18).

Die wêreld het stilte gesien.

Die hemel het oorwinning gesien!

Jy voel dalk God is stil – maar wees verseker Hy werk in jou donker Saterdae om jou oorwinning-Sondag gereed te kry. Moenie ontmoedig wees nie, geliefde broer en suster, stilte en duister beteken nie God doen niks nie.

Jona was drie dae lank in die donker van die vis se maag. Dit het gevoel soos straf, maar dit was voorbereiding. God het sy hart hervorm vir 'n groter missie.

Daniël was 'n nag lank tussen die leeus. Maar **God was besig om hul bekke te snoer** (Daniël 6:22). God sluit elke mond, elke plan, elke pyl wat op jou gemik is. Hy werk in die donker.



***Daniël was 'n nag lank in die leeukuil***

## 3. Saterdag Leer ons Vertrou sonder Bewyse!

Geloof op Sondag is feesvier.
Geloof op Saterdag is oorgee.

**Saterdag se geloof sê:**

"Ek sien dit nog nie, maar God is getrou."

"Ek voel dit nog nie, maar sy belofte staan vas."

"Ek verstaan dit nog nie, maar Hy is steeds goed."

Abraham het vir Isak gewag. God het 'n seun belowe, maar jare van stilte het verloop. Romeine 4:20 sê: ... **hy het nie in ongeloof begin twyfel nie** ... Saterdag seisoene bou onwankelbare geloof. Dink jy dit was maklik vir Abraham om so 'n sterk geloof te behou? Biologies was dit onmoontlik. Mense kon vra: Het jy regtig geweet dit is God se belofte, of was dit die begeerte van jou hart? Elke dag as Hy na Sara kyk het sy hart gesink, maar hy het vasgehou aan die belofte.

Moenie dat jou geloof wankel deur wat jy sien nie. Jy sal 'n verouderde Sara sien – maar sien haar met geestelike oë. Hy wat beloof het hou altyd sy beloftes. En op grond daarvan het Abraham se Saterdag oorgegaan in 'n wonder wat die geskiedenis van die wêreld gevorm het.

Liewe vriende, jy het nie bewyse nodig nie. Vertrou Hom. Hou vas aan Hom – Hy beëindig jou Saterdag met 'n wonderwerk. Jou Saterdae sal die wortels van jou geloof laat groei.

## 4. Saterdag Berei ons voor vir Opstanding!

Wat baie van ons dikwels vergeet is dat Saterdag 'n dag van voorbereiding is vir die groot wonder wat Sondag gaan gebeur. As Sondag te gou kom, sal ons die transformasie mis wat deur die wag gevorm word. Saterdag vorm ons, en dit verdiep ons, versterk ons, en reinig ons motiewe.

Dawid was maar sewentien toe hy as koning gesalf is (1 Samuel 16), maar het eers op dertig koning geword volgend 2 Samuel 5:4 – **Dawid was dertig toe hy koning geword het en het veertig jaar geregeer.**

Dit was lang, geduldig verdurende jare, jare van voorbereiding wat hom gevorm het tot die beste koning van Israel. Wat koning Dawid alles bereik het was besonders; geen ander koning het dit behaal soos hy nie. Die wagseisoen het hom nederigheid geleer – om hulle wat hom teengestaan het te vergewe. Hy het geleer moedig wees – om die reuse in sy lewe met onverskrokke waagmoed teen te

NEHEMIAH BYBELKOLLEGES
HAAS JOU VIR TOELATING!
Diploma in Theology & Bachelor of Theology
Chepauk & Santhoshapuram, Velachery Chennai.
Medium :Tamil (Part Time)
Hindi (Residential) (Sponsorship Available)
Kwalifikasie: 10de Standerd (Graad 12) of hoër
Bid asb. vir
Erken deur Internasionale Christenleiers &Senior pastore vir die afgelope 56 jaar
Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.
10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858
E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org

staan. Dit het sy karakter gevorm – hom geleer dat, bo alles, die teenwoordigheid van die Heilige Gees sy grootste skat is.

**"Moet my tog nie van U af wegdryf nie ..."** (Psalm 51:13).

"**Waarlik, één dag in u tempel is beter as duisend daarbuite. Ek staan liewer by die drumpel van die huis van my God as om te woon in huise sonder God** (Psalm 84:11).

Wag jy nog vir iets vandag? Weet dan: God is besig om jou gereed te maak vir groter dinge.

Wees sterk. Skep moed. Hou vas!

## 5. Jou Saterdag sal nie vir Altyd hou nie!

Omdat God 'n opgestane en kragtige Sondag beloof het, sal jou donker Saterdae nie vir ewig aanhou nie.

Die stilte van Saterdag is tydelik.

Die hartseer van Saterdag is tydelik.

Die verwarring van Saterdag is tydelik.

Jesus Christus het mos verklaar: **"Breek hierdie tempel af en in drie dae sal Ek hom oprig** (Johannes 2:19).

Die swaar rots wat jou pad versper sal wegrol. Lig sal deurbreek in jou Saterdae. Die belofte sal staan, en jy sal uit die graf loop. As daar 'n Saterdag is, sal daar beslis 'n Sondag wees.

Ek onthou weer vir Lasarus. Hy was vier dae in die graf, vier lang dae van stilte, wagtend, heeltemal hooploos. Dit het gelyk asof alles verby was. Maar toe Jesus daar opdaag het alles verander.

*....verv. op.bls. 9*


## Echo of His Call Postal Courses for candidates in India only

### 1. BIBLECOR

**Bid asb. vir**

Ons bied Korrespondensiekursusse aan oor Basiese Waarhede van die Bybel vir nuwe Christene en nie-Christene in Engels – 57 bladsye, Hindi – 76 bladsye & Tamil – 96 bladsye. Jy kry 'n kursusboek met die titel **New Life – For You! Na voltooiing van hierdie kursus sal jy 'n sertifikaat ontvang. Daar sal geen verpligte gelde wees nie. Jy sal geseën word!**

### 2. THEOLOGICAL CORRESPONDENCE COURSE

Advanced Distance Education called **Theological Correspondence Course** is available in English – 537 pages and Tamil – 652 pages for Pastors, Evangelists, Christian Leaders and for lay people who have passion to do God's Ministry! A fee of Rs. 1000/- is charged. 7 Books with 149 Chapters are supplied. **Certificate in Ministry** will be awarded. **God will bless you!**

***For more details, write to us.***

**The Chairman, Nehemiah Bible College,**

Echo of His Call, **Post Box 2957**, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005.
**Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell : 98410 71852, 95661 31858**
**E.mail : biblecor@yahoo.co.in**

## Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal wordin ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

***Ons bankbesonderhede:***

**ABSA BANK : Echo of His Call Missions**
**BANKKODE: 334515**
**REKENINGNO: 905 129 1908**
**TAK: JEFFREYSBAAI**
**KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit**
**Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: elbiesmith3@gmail.com**
**SIS. ELBINA SMITH**
**Address : DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST,**
**JEFFREYS BAY 6330.**

**Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer**



# PUT TOT PALEIS

(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)

"Wie dit lees moet dit goed begryp" Matteus 24:15

## GOD WIL DAT JY GETROU BLY AAN JOU ROEPING!

**God is getrou, Hy wat julle geroep het om verenig te lewe met sy Seun, Christus Jesus, ons Here** (1 Korintiërs 1:9).




Toe ek in 1969 die Here Jesus Christus aangeneem het as my persoonlike Verlosser, het ek ingeskakel by die bediening van Pastoor S. Devadasan, redakteur van "The Herald of His Coming." Hy het my geestelik opgelei om die Here te dien, en ek het drie jaar onder hom bedien.

Een nag terwyl ons lank saam gebid het, het hy skielik begin praat oor hoe die wêreld sou wees in die toekoms en wat die Here beplan om deur my te doen. Hy het groot en verstommende dinge genoem, dinge wat ek my nie eens toe kon verbeel nie. Ek het nie opvoedkundige kwalifikasies of finansies gehad nie, ook nie die mannekrag om die groot bedienings wat hy geprofeteer het eendag te kon doen nie.

Ek het my ontoereikendhede vir hom genoem en gesê: "Pastoor, dis genoeg as ek die geringste van die Here se dienaars bly."

Hy antwoord toe: "Daar is twee dinge nodig om 'n gewone man tot groot hoogtes te verhef:



**(a) geloof, en**

**(b) 'n rein gewete**,

soos geskryf in 1 Timoteus 1:19. As jy hierdie twee so veilig bewaar soos jou eie oë, sal jy beslis elke geestelike bevordering wat ek pas genoem het, kry.

Met die Here se hulp het ek al die jare my bes gedoen om hierdie twee kwaliteite te bewaar.

Net voordat ek hierdie getuienis begin skryf het, het die Here met my gepraat. Ek was sprakeloos en oplettend toe ek sy sagte fluistering hoor:

"My liewe seun, dink 'n oomblik na oor hierdie gebou waar jy staan. Hoe het jy dit gekry? Dink aan die bedienings wat hier gedoen word. Kyk na die evangelie drukpers met sy jongste tegnologie op die grondvloer. Het jy gedink aan die kerk op die eerste vloer waar 24 uur gebede gedoen word? Dink jy na oor die Nehemia Bybelkollege se bedienings en die werk wat gedoen word onder die dames wat daar studeer? Oordink jy die **Echo of His Call** se administratiewe kantoor op die tweede vloer?"

"Ek het vir jou baie Äärons en Josuas gegee wat jou help om die dienste te doen bo jou natuurlike vermoë, mense vaardiger en wyser as jy, om jou in elke seisoen by te staan. Selfs al vergeet jy hierdie seëninge, onthou Ek jou nog. Wat was jy in die begin toe Ek jou geroep het? Wat is jy nou? Ek gaan jou bedienings nog meer vergroot. Soos my dienaar Pastoor S. Devadasan jou geleer het, staan vas in geloof en 'n rein gewete. Moenie ontmoedig raak wanneer jy op rowwe en moeilike paaie loop nie. Het Ek jou nie geroep nie? Wat Ek ook al met my mond gesê het sal Ek met my eie hande waar maak. Wees sterk en moenie moeg word nie."

Soms kan ek nie voluit begrip kry van al die wonderlike en groot dinge wat die Here deur my bereik nie.



Geliefde broers en susters, gehoorsaam die leiers wat God oor jou geplaas het. Moenie wandel op wêreldse weë nie. Bly nederig onder goddelike leierskap, en bewaar jou geloof en goeie gewete. As jy in waarheid voor God staan, sal Hy groot dinge deur jou doen. Niks kan God verhinder om jou magtig te gebruik nie.

Aan Hom alleen alle eer en heerlikheid!

*************

## HOOFKERK SE PROGRAMME

1. Gebedsdiens : 24 uur
2. **ECHO OF HIS CALL** - Maandelikse Tydskrif: Engels, Tamil, Malayalam, Telugu, Hindi, Kannada, Marathi, Gujarati, Bengali, Odiya, Nepali, Assamese, Punjabi, Urdu, Sinhala & Afrikaans.
3. **BIBLECOR** – Basiese Bybelkursusse (Engels, Tamil & Hindi)
4. Teologiese Korrespondensiekursusse: Engels & Tamil
5. Nehemia Bybelkolleges (Chepauk, Santhoshapuram & Velachery)
6. Susterkerke: Santhoshapuram, Balaji Nagar & Velachery
7. Groot Opdragvennote (Netwerk van Pastore)
8. Opleidingprogramme – Seminare & Afsondertye
9. Veldtogte
10. Literatuurverspreiding en Opvolging
11. Evangelie Drukpers - Publikasies
12. St. Paul Matrikulasieskool - Village English High School
13. Sondagskole (Chepauk) : 10.30 vm. Sondag & (Velachery, Balaji Nagar & Santhoshapuram) 3.00 nm. Sondag
14. Vroeë Oggenddiens : 5.30 vm. Sondag
15. Voorbereidingsdiens : 8.00 vm. Sondag
16. Tamil Diens : 8.30 vm. Sondag
17. Jeugbyeenkoms : 11.00 vm. Sondag
18. Gemeenskap-middagete, : 1.00 nm. Sondag
19. Telugu Diens : 4.00 nm. Sondag
20. Hindi Diens : 5.00 nm. Sondag
21. Tamil & Engelse Diens : 6.00 nm. Sondag
22. Terugvoertyd : 7.30 nm. Sondag
23. Vroue gebed : 5.30 nm. Woensdag
24. Hindi gebed : 7.00 nm. Woensdag
25. Manne gebed : 7.30 nm. Vrydag
26. Dissipelskap-byeenkoms : 6.00 nm. Saterdag
27. Huis-samekomste : 6.30 nm. Dinsdag & Donderdag
28. Spesiale Nagmaal : 6.00 vm. 1ste dag van elke maand
29. Predikante-byeenkoms : 5.30 nm. Eerste Saterdag
30. Ouers se gebedstyd : 4.00 nm. Eerste Sondag
31. Naggebede : 9.30 nm. Derde Vrydag
32. Vas-gebede : 9:30 vm. Tweede Saterdag
33. Nagmaal : Tweede Sondagdiens
34. Jeug / Kinder-gebede : 10.00 nm. daagliks (per telefoon)
35. Personeel-toewyding : 9.00 vm. daagliks
36. Kantoor : 9.00 vm. tot 9.00 nm. (behalwe Sondae)

*... verv. van bls. 4*

Jesus sê toe vir haar: **"Het Ek nie vir jou gesê as jy glo, sal jy die openbaring van die wonderbaarlike mag van God sien nie?"** (Johannes 11:40).

Liewe vriende, ek het deur baie sulke donker Saterdae geloop. Ek weet waarvan ek praat. Ek weet hoe skrikwekkend en hartverskeurend dit kan wees. Ek het byna hoop verloor in daardie seisoene – totdat Jesus Christus gekom het en my "punt" in 'n "komma" verander het. As Hy dit vir my kon doen, kan Hy dit ook vir jou doen. Jou lewe van skaamte, neerlaag en hartseer sal binnekort eindig. Jou Saterdag is nie die einde van jou verhaal nie.

Jesus Christus het na die wêreld gekom om rigting en betekenis in ons lewe te bring. Hy wou nooit hê dat ons in sonde of neerlaag moet leef nie. Hy het gekom om in ons plek te sterf op die kruis sodat ons oorwinnend kan leef. Ons is nie meer slawe van enigiets nie, maar oorwinnaars.

As jy nou in 'n Saterdag-seisoen is, jy wag, jy wonder, jy het seer – hou moed. Dieselfde God wat die Saterdag-stilte omgekeer het in die oorwinning van Sondag, is nou aan die werk in jou lewe.

Die Saterdag se stilte is so sterk soos die oorwinning van opstaan-Sondag. Hou vas aan God, en hang aan sy beloftes. Jou Sondag is op pad – maar moenie jou stil Saterdae onderskat nie. Vertrou in Jesus Christus. Net Hy kan jou stil Saterdae verander in oorwinnende Sondae. Hy is die Koning wat kom!

God mag onhoorbaar wees, maar Hy staan nie stil nie.

Hy mag verskuil wees, maar Hy is nooit afwesig nie.

Hy mag swyg, maar Hy is altyd getrou.

*************

Bid asb. vir

### NEEM NET KENNIS!

Julle is welkom om ons **Nehemia Bybelkolleges** se Gradeplegtigheid by te woon op Saterdag,(5.00 P.M.-IST) 4 Julie 2026 by BALAR KALVI NILAYAM, Chennai-7.

**Special Guest :**

**REV. DR. S.J. KINGSLEY,**
**(COO, JESUS CALLS)**

Ons vra dat julle toegewyde studente na ons kollege sal stuur vir die volgende akademiese jaar 2026-2027 wat begin op 1 Junie 2026.

- Principal

Posted at "Egmore RMS Patrika Channel" RNI TC NO. TNAFR/2007/21215

## 'n Goeie geleentheid om Echo of His Call Maandelikse Tydskrif gratis te kry

As jy vir ons die adresse van jou vriende / familie stuur per pos of e-pos, Whatsap of bel, sal ons maandeliks vir hulle **Echo of His Call** gratis stuur.

## Bid asseblief

### ST. PAUL'S MATRICULATION SCHOOL

Die Engelse Christen-Hoërskool wat Echo of His Call bedryf vir arm en weeskinders. Ons het borge nodig vir 200 kinders @ R200 per kind. Ons vra borge. Jy kan jou donasies na ons bankrekeninge in Suid-Afrika stuur.

**Onderrig van Gehalte!**
**Geestelike opleiding!!**

**Van kleuteronderrig tot Gr.10**

Kontak:

**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005.**
Telefoon : (+91-44) 2852 8282
Sel : (+91) 98410 71852
E-pos : sam@echoofhiscall.org

## ECHO OF HIS CALL

**Maandblad in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Uitreike, Seminare, Maatskaplike Dienste, ens.**

**Jaarlikse intekengeld Rs. 100/-** **Lewenslange intekengeld Rs. 2000/-**

Die veelvuldige aktiwiteite van die **Echo of His Call Bedieninge** word ondersteun deur die vrywillige offers en donasies van God se kinders soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en ons aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en om kerke te plant.

As jy gereeld die **Echo of His Call** maandblad wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jy van posadres of e-posadres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webtuistes. Jy kan dit lees of op die webwerf gaan en dit aflaai en geseën word.

Julle briewe, gebedsversoeke en finansiële hulp (**Geldwissels, Tjeks of Aftrekorders, EO's, PayPal (Sam Selva Raj,** sam@echoofhiscall.org) **Tel.9841071858, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram** aan **Echo of His Call** kan asseblief gestuur word na die onderstaande adresse.

Stuur asseblief jou **landlyn/selfoonnommer** en **e-posadresse** vir opdatering.

**ECHO OF HIS CALL**

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858, 98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.stpaulsmatriculation.org

**JY KAN JOU DONASIES OOK AANLYN STUUR**

Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS Patrika Channel"
on 4th APRIL 2026
If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL (AFRIKAANS)
P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

***JESUS HET JOU LIEF!***

To

**GOD SEËN JOU!**

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by **S. Sam Selva Raj** at **Echo of His Call Printers**, New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**